Woodoc 35 Spesifikasieblad

Tipiese Aanwending:
Vir buitenshuise gebruik waar 'n getinte laeglansverseëlaar verlang word. Bied UV-beskerming en is waterwerend. Ideaal vir deure, vensterrame, garagedeure en tuinmeubels. **Nie geskik vir gebruik op dekke nie.**

Produkeienskappe:
Woodoc 35 is 'n getinte, buitenshuise laeglansverseëlaar met deurskynende ysteroksiede en 'n UV-absorbeerder wat ekstra beskerming teen fel sonlig bied. Die produk is vogwerend en bevat ook 'n wasgedeelte wat die hout voed.

- Beskerm buitenshuise hout teen seisoenale en omgewingswisselvalligheid in vog.
- Ekstra bekerming teen ultra-violetbestraling.
- Beskikbaar in drie tinte: Meranti, Roesbruin, Donkerbruin.
- Geskik vir alle houtsoorte.
- Dring hout diep binne om dit te voed.
- Nie-giftig wanneer droog.
- Beïnvloed nie lym nie.
- Vergaan aan die einde van lewensiklus.
- Volledige gebruiksaanwysings op etiket.

Nr: WD35/004
Gedateer: 01/11/11
Naam:
Woodoc 35 – Buitenshuise Poli-Was Verseëlaar (Meranti / Donkerbruin / Roesbruin)
Beskrywing:
Diep penetrerende, getinte laeglansafwerking met ekstra UV-beskerming en waterwerende eienskappe, vir buitenshuise gebruik.
Dekking:
Eerste laag 10-12 m^2/liter. Daaropvolgende lae 12-14 m^2/liter. 3 lae (gemiddeld) 3,3 m^2/liter.
Aanwending:
Met verfkwas. Maak kwas met minerale terpentyn skoon.
Verdunning:
Verdunning word nie aanbeveel nie, maar indien nodig, gebruik slegs minerale terpentyn.
Drogingstyd:
Droging sal varieer afhangende van vog en atmosferiese toestande.
Produkeienskappe:
Getinte, buitenshuise laeglanshoutverseëlaar. Formaldehiedvry
Wasinhoud: Laag.
Verenigbaarheid: Minerale Terpentyn.
Onverenigbaarheid: Asetoon, Lakverdunner, Benseen en ander oplosmiddels.
Verpakking:
500 ml, 1 liter en 5 liter. (20 of 200 liter op versoek by handelaar beskikbaar)

LEES ALTYD DIE AANWYSINGS OP DIE BLIK VOOR AANWENDING.
VLAMBAAR. Hou buite bereik van kinders. Skadelik indien ingeneem word. Ingestie kan chemiese pneumonitis veroorsaak.
BELANGRIK: Hierdie produk word hard indien dit met suurstof in aanraking kom. Maak blik na gebruik goed toe om beter te bewaar.

Woodoc
FOOD FOR WOOD

Vervaardig en bemark deur:
Rekara Mills (Edms.) Bpk.
Posbus 16, Fort Beaufort, 5720, Suid-Afrika
Tel. +2746 645 1109 Faks +2746 645 1538